

REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE: VRAESTEL II

INSTRUKSIES AAN ONDERWYSER EN OPSIENER**BESONDERHEDE VAN DIE PRAKTIESE EKSAMEN (VRAESTEL II)**

Onderwysers moet seker maak dat die volledige pakket (woordverwerker, spreitabel en databasis), met inbegrip van assistente (*wizards*) en hulp, geïnstalleer en beskikbaar is op die rekenaars wat gebruik word deur leerders wat hierdie vak neem en hierdie eksamen aflê. Leerders sal die gebruik van 'n teksredigeerder, byvoorbeeld Notepad, WordPad, Komodo of Notepad ++, vir die HTML-kodering benodig. Vir leerders wat in Afrikaans skryf, moet 'n Afrikaanse speltoetser geïnstalleer wees. Indien jy Microsoft-sagteware gebruik, is Microsoft Office 2007 die minimum sagteware-vereiste. Dit is nodig vir Graad 12 in 2016.

In die drie-uureksamen sal leerders probleme moet oplos deur die toepassingspakkette, naamlik woordverwerking, spreitabelle, databasisse en webontwikkeling, te gebruik. Die leerders sal geëksamineer word oor die vaardighede en inhoud wat beskryf word in *Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV) Rekenaartoepassingstegnologie* – Afdeling 3. Department: Basic Education Republic of South Africa (2011).

Gebruik van skywe

Data en/of die struktuur van die data (skermkiekies van die datalêers) sal op CD aan skole verskaf word vir gebruik in die Praktiese Eksamen. Die RTT-onderwyser moet die data-CD wat aan skole verskaf word twee dae VOOR die eksamen gaan plaasvind, kontroleer. Die RTT-onderwyser moet seker maak dat die skywe virusvry is en toeganklik is en deur die toepaslike sagteware gelees kan word. Die RTT-onderwyser moet ook reëlins tref om die data beskikbaar te maak (*na gelang van die weergawe van Office, byvoorbeeld 2007, 2010*) vir die kandidate wat die eksamen skryf soos uiteengesit in die eksameninstruksies wat die vraestelle vergesel. Hierdie instruksies word in 'n afsonderlike koevert afgelewer wat oopgemaak moet word twee dae voor die eksamen geskryf word. Onderwysers MOENIE die verseëlde koevert wat die eksamenvraestelle bevat voor die dag van die eksamen oopmaak nie.

Indiening van die praktiese eksamens om nagesien te word

Nadat die eksamen afgehandel is, is dit die onderwysers se verantwoordelikheid om seker te maak dat al die leerders se data op die twee skywe wat deur die IEB voorsien word, geplaas word en dat 'n rugsteunkopie ook gemaak word. Elke leerder moet hul eie gids hê met hul eksamennommer as die naam en alle lêers daarin vervat. Die onderwyser en hoof sal die vorms onderteken om te verklaar dat dit korrek gedoen is, waarna die skywe aan die IEB gestuur moet word. Elke CD moet 'n kopie van **AL** die leerders se gidse bevat. Dit moet in die sluitbare IEB-eksamensak geplaas word binne die tyd wat in die eksameninstruksies voorgeskryf word.



OMSENDBRIEF NR. 71/2016

24 Junie 2016

**AAN: PRINSIPALE VAN SKOLE WAT KANDIDATE VIR DIE 2016 NASIONALE
SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN INSKRYF**

**REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE PRAKTIESE EKSAMEN
(RTT VRAESTEL II)**

Indiening van die praktiese eksamens vir nasien

Die Rekenaartoepassingstegnologie: Vraestel II (Praktiese Eksamen) is vir Donderdag 20 Oktober 2016, vanaf 9:00 tot 12:00 geskeduleer. Wanneer die eksamen afgehandel is, moet die volgende gedoen word:

1. Dit is die verantwoordelikheid van die RTT-onderwyser om te verseker dat al die kandidate se data op die twee kompakskywe met strepieskodes, wat deur die IEB voorsien word, geskryf word.
2. Elke kandidaat moet 'n eie lêergids op die kompakskyf hê, met hul eksamennommer as die naam van die lêergids. Alle lêers moet in die relevante lêergids geplaas word.
3. 'n Rugsteunkopie moet ook gemaak word en tot 28 Februarie 2017 by die skool op toepaslike bergingsmedia gehou word totdat die hernasienproses afgehandel is.
4. Die twee kompakskywe met die strepieskodes moet nie later nie as Donderdag 20 Oktober 2016 om 17:00 in die opgestopte koevert geplaas word wat die IEB voorsien het en in die elektroniese eksamensak toegesluit word.
5. Die elektroniese eksamensak met die RTT Praktiese Eksamen kompakskywe moet teen Maandag 24 Oktober 2016 aan die IEB terugbesorg word.
6. Die twee kompakskywe met strepieskodes en die opgestopte koevert sal in dieselfde versending as die RTT finale Praktiese Eksamen aan skole gestuur word.

Lig asseblief u RTT-onderwysers en die hoofopsiener van u skool in oor die inhoud van hierdie omsendbrief.

Helen Sidiropoulos
Assesseringspesialis

Margie Luckay
Seniorbestuurder: Ondersteuningsdienste